higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N6

26 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: MEGANISERING EN BOUBESTUUR

1.1
- Brandstof en smeermiddels
- Arbeid
- Rente op kapitaalbelegging
- Koste vir die verskaffing van huisvesting
- Versekeringspremies en lisensiëringsfooie
- Herstel en onderhoud (Enige 5 × 1) (5)

1.2
- Gerief en spoed✓
  Plaasimplemente word dikwels bekom met die primêre doel om bedrywighede te fasiliteer, te bespoedig en/of om hierdie bedrywighede minder eentonig te maak.✓
- Verhoogde inkomste✓
  Hoër opbrengs omdat groter areas bewerk kan word✓
- Vermindering in koste✓
  Die kostestruktuur van die plaas can verminder word deur arbeid en plaasimplemente te kombineer in die regte verhouding.✓
- Vermindering van arbeidsgeskille✓
  Probleme wat sommige boere ervaar met die motivering van werkers en arbeidsverhoudinge in die algemeen wat dikwels boere dwing om te meganiseer.✓
- Belastingoorwegings✓
  Die belastingsituasie waarin ‘n boer homself/haarself bevind kan die besluit om te meganiseer beïnvloed. ✓ (5 × 2) (10)

1.3
- Nuwe implemente verg ‘n groter belegging as gebruikte implemente.✓
- Gebruikte implemente is dikwels meer geskik vir kleiner plase.✓ Die hoë vaste koste per eenheid op kleiner plase sal ‘n direkte invloed hê op winsgewendheid, terwyl skaalbesparings op groter plase sal versker dat die vaste koste van nuwe implemente per eenheid laer sal wees.✓
- Gebruikte implemente is minder betroubaar as nuwes en is dikwels stadiger vanweë onderbrekings met herstelwerk.✓
- Gebruikte implemente kan ook lei tot laer opbrengste as wanneer nuwe implemente gebruik word.✓
- In die algemeen kan gebruikte implemente hoër wisselende koste behels terwyl depresiasie, rente op kapitaal en versekering van nuwe implemente hoër sal wees.✓
- Daar moet ooweging geskenk word aan die boer se meganiese aanleg wanneer gebruikte implemente aangeskaf word.✓ (8)

1.4
- Optimale verbruik
- Korrekte posisionering
- Voorsiening vir uitbreiding
- Kwaliteit van boumateriaal
- Korrekte vloeruitleg
- Behoorlike beligting en ventilasie (6)

1.5
- Indien implemente intensief op 'n jaarlikse grondslag gebruik word
- 'n Relatief lae aankoopprys
- Benodig waar die korrekte tyd van werksbedrywighede 'n kritieke invloed op die kwaliteit en/of opbrengs het. (3 × 2) (6)

1.6 1.6.1 Depresiasie = aankoopprys – terugneemwaarde / 10✓

= 300 000 – 30 000 / 10

= R27 000 per jaar✓

Rente = aankoopprys + terugneemwaarde / 2 × 0.15✓

= 330 000/ 2 × 0.15

= R24 750✓

Versekering = R20 000 per jaar✓

Totale vaste koste = 27 000 + 24 750 + 20 000 = R71 750✓ (6)

1.6.2

Herstel en onderhoud	R25 / uur =	R30 000✓
Diesel	R14 / uur =	R16 800✓
Arbeid	R12 / uur =	R14 400✓
	=	R61 200 ✓ (4)

1.6.3 = FC + VC✓
= R71 750 + R61 200
= R132 950✓ (2)

1.6.4 = TC/ha✓
= R132 950/ 500✓
= R266 / ha✓ (3)
[50]

VRAAG 2: DIE REG OM GROND TE GEBRUIK

2.1
- Projekooreenskomste
- Loonooreenkomste
- Takooreenkomste
- Loon-/winsverdelingsooreenkomste
- Vennootskappe of winsverdelingsooreenkomste (5)

2.2 Stap 1.
Bepaal die vergoedingskoers vir kapitaal- en arbeidsbydraes.✓✓
Stap 2.
Bepaal die mate en waarde van elke vennoot se arbeids- en kapitaalbydraes✓✓
Stap 3.
Bereken die verdeelbare boerderywins✓✓
Stap 4.
Verdeel die boerderywins ingevolge die ooreengekome metode✓✓ (8)

2.3
- Vaste kontakhuurooreenkoms✓
  Die huurder betaal periodiek die verhuurder 'n vaste kontantbedrag per eenheidsarea wat hy/sy huur✓✓
- Oesverdelingshuurooreenkoms✓
  Beide die verhuurder en huurder deel die in- en uitsette tot die produksie van 'n sekere gewas.✓✓
- Veeverdelingshuurooreenkoms✓
  Die verhuurder voorsien die grond en vaste verbeterings. Die huurder voorsien arbeid en ander toerusting en beide partye voorsien die vee.✓✓
- Fluktuerende kontanthuurooreenkoms✓
  Die fluktuerende kontanthuurooreenkoms is, in effek, 'n kombinasie van 'n vaste kontanthuurooreenkoms en 'n gedeelde ooreenkoms.✓
  Die doel is om sommige eienskappe te behou van 'n vaste kontanthuurooreenkoms maar terselfdertyd om die verhuurder die kans te bied om te deel in prys- en opbrengsgeleenthede, sowel as risiko.✓ (12)

2.4 2.4.1

	Mukosi✓	Aluwani✓	TOTAAL
Kapitaal @ 10%	50 000	30 000	80 000
Arbeid @ R10 per uur	4 000	12 000	16 000
Totaal	54 000✓	42 000✓	96 000✓

2.4.2 54 000/ 96 000 x 100 = 56,25%✓✓
56,25% of 200 000 = R112 500✓✓✓

2.4.3 (200 000 – 96 000) / 2 = R52 000✓
Mukosi : 54 000 + 52 000 = R106 000✓✓
Aluwani : 42 000 + 52 000 = R94 000✓✓

(3 × 5) (15)

2.5 $\frac{\text{Jaarlikse netto boerderyinkomste – Lewensonkoste}}{\text{Kapitaliseringskoers}}$ - addisionele kapitaal✓✓

$= \frac{250\,000 - 100\,000}{0.12} - 70\,000$✓✓

= R1 180 000✓✓ (6)

2.6
- Die ooreenkoms behoort ekonomiese voordele vir die verhuurder en huurder te hê.
- Daar moet 'n duidelike verstandhouding wees van beide partye se bydraes
- Volledige, akkurate boerderyopgawes moet bygehou word
- Daar moet besluit word wie die finale beslissing sal lewe in gevalle van meningsverskille
- Daar moet duidelike oorweging geskenk word aan werkstoewysing
- Die betaaldag vir huur moet bekend wees
- Daar moet besluit word wie is verantwoordelik vir die onderhoud van bates soos geboue, implemente, voertuie en die bemesting van die grond
- Daar moet voorafbepaal word hoe die verhuurder vergoed sal word vir verbeteringe wat aangebring is tydens die duur van die kontrak
- Die kontrak moet skriftelik wees (Enige 4 × 1) (4)

[50]

VRAAG 3: DIE ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN BOERDERYRESULTATE

3.1
3.1.1 Waar
3.1.2 Waar
3.1.3 Waar
3.1.4 Waar
3.1.5 Waar
3.1.6 Waar
3.1.7 Waar
3.1.8 Waar
3.1.9 Onwaar
3.1.10 Onwaar

(10 × 2) (20)

3.2
3.2.1 $\frac{\text{NFI voor belasting}}{\text{Gemiddelde totale kapitaal aangewend}} \times 100$ ✓✓

3.2.2 $\frac{\text{FP voor belasting}}{\text{Gemiddelde netto waarde}} \times 100$ ✓✓

3.2.3 $\frac{\text{Vergoeding aan buitelandse kapitaal voor belasting}}{\text{Gemiddelde buitelandse kapitaal aangewend}} \times 100$ ✓✓

3.2.4 $\frac{\text{Vergoeding aan buitelandse kapitaal – belastingbesparings}}{\text{Gemiddelde buitelandse kapitaal aangewend}} \times 100$ ✓✓

3.2.5 $\frac{\text{GPV}}{\text{Gemiddelde totale kapitaal aangewend}}$ ✓✓

3.2.6 $\frac{\text{Jaarlikse leningsdiens}}{\text{GPV}}$ ✓✓

3.2.7 $\frac{\text{Fisiese opbrengs (kilogram)}}{\text{Mannekraginsette (dae)}}$ ✓✓

3.2.8 Kapitale belegging in toerusting
Hektaar bewerk✓✓

OF

Toerustingskoste
Hektaar bewerk✓✓

3.2.9 Fisiese opbrengs
Hektaar bewerk✓✓

OF

Fisiese vrugte-opbrengs
Getal vrugtebome✓✓

3.2.10 Werknemervergoeding
Bewerkte area (ha)✓✓

(10 × 2) (20)

3.3
- Melkopbrengs
- Wolopbrengs
- Massa wanneer gespeen
- Ouderdom wanneer gespeen
- GPV (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 4: DIE GEÏNTEGREERDE BOERDERYBEGROTINGSTELSEL

4.1
- Inkomste
- Risiko
- Familie en persoonlik
- Plaaskenmerke
- Werkstevredenheid (5)

4.2
- Goed gedefinieerde doelwitte fasiliteer sukses.
- Skryf bevorder akkuraatheid en die hersiening van doelwitte.
- Daar is die potensiaal van ‘n botsing tussen persoonlike belang en boerderydoelwitte.
- Kyk na die daaglikse werklading teenoor langtermyn-doelstellings.
- Kyk na die doelwitte teenoor tyd.
- Kyk na die doelwitte teenoor die realiteit.
- Daar moet ‘n volgehoue hersiening van doelwitte wees. (7 × 2) (14)

4.3
- Menslike onsekerhede
- Meganiese onsekerhede
- Ongeluksonsekerhede (3)

[22]

VRAAG 5: BELEGGING VAN FONDSE

5.1
- Kan ter enige tyd onttrek word
- Lae risiko vanweë diversifikasie
- Goeie skans teen inflasie
- Bied die geleentheid om op 'n gereelde basis te belê (4 × 2) (8)

5.2 5.2.1 Wanneer verskillende beleggingsalternatiewe oorweeg word, moet die boer ook die marginale belastingskoers in ag neem. (2)

5.2.2 Die sekerheid dat die kapitaalbedrag wat belê word, sal bly voortbestaan solank as wat dit die belegger tevrede stel. (3)
[13]

VRAAG 6: BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE

6.1 Waterworks se prys = R52 000 (2)

6.2 Prys wat betaal moet word aan Easy-Water is R40 000, BTW uitgesluit

$\frac{14}{100}$ × 40 000 = R 5 600✓✓

Totale prys wat betaal moet word aan Easy-Water:
R 40 000 + 5 600 = R45 600✓✓ (4)

6.3 Oasis-Co

$\frac{14}{100}$ × 47 000 = R 6 580✓✓

Totale prys wat betaal moet word = 47 000 + 6 580 = R53 580✓✓

Min 10% afslag = 53 580 – 5 358 = R 48 222✓✓✓ (7)

6.4 Die pomp en filter van Easy-Water sal die beste opsie wees omdat dit die goedkoopste is. (2)
[15]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou